

MIELIE KULTIVAR KEUSE IN DIE OVK PRODUKSIEGEBIED

Mielie kultivars word al dekades lank elke jaar deur saadmaatskappye oor die hele somersaaigebied heen geëvalueer sodat boere sinvolle kultivarseleksie kan doen. OVK bied dieselfde diens vir sy kliënte deur onafhanklik proewe in OVK se bedienings gebiede te plant en te evalueer. Hierdie proewe word deur OVK in samewerking met Pannar, Monsanto, Agricol, Link-Seed, Pioneer, KleinKaroo en United Seeds geplant.

Uit die kultivarproewe kan die volgende inligting verkry word:

- Die opbrengste van die verskillende kultivars
- Aanpasbaarheid van die kultivars in die spesifieke gebied
- Nuwe kultivars word getoets vir aanpasbaarheid en opbrengste
- Proewe word deur onafhanklike instansies geëvalueer
- Produsente kan aan die hand van resultate ingeligte besluite neem.

Deur die inligting te gebruik kan die prestasie van individuele kultivars in spesifieke jare met mekaar vergelyk word. Omdat klimaatstoestande so onvoorspelbaar is, is dit noodsaaklik om kultivars te kies wat die risiko vir die produsent sal verlaag. Hierdie inligting stel die produsent in staat om ingeligte besluite te neem en die beste pakket van kultivars saam te stel.

Materiaal en metodes

Proewe is die afgelope seisoen in Clocolan, Ficksburg en Hopetown geplant. Die proef in Ficksburg het egter verlore gegaan as gevolg van droogte. Net die proewe in Clocolan en Hopetown is suksesvol deurgevoer. Die proewe by Fouriesburg en Excelsior is nie geplant nie omdat dit te laat gereën het en die optimale plantdatum teen daardie tyd reeds verstryk het. Al die proewe is in stroke geplant en die bewerkingspraktyke van die medewerker van die gebied is toegepas. Die rywydtes van die mielies is 0.91m. 'n Plantestand van 30 000 plant per hektaar is behaal.

Oes van die gewasse na plant was soos volg:

Clocolan

Mielies 201 dae na plant

Vir elke gebied is die opbrengste van die verskillende gewasse/kultivars gebruik om die netto inkomste (voordat insetkoste en vervoerdifferensiaal afgetrek is) te bepaal. As 'n produsent die tabelle as riglyn wil gebruik moet hy sy eie produksiekoste en vervoerdifferensiaal van die netto inkomste aftrek aangesien die vervoerdifferensiaal van plek tot plek verskil.

Die inkomste wat in die tabelle weergegee word, is gebaseer op die SAFFEX pryse soos weergegee op 12 Augustus 2016: Geelmielies R3030.00 Witmielies R4008.00

Droëland: Geelmielies

Medewerker: Gert Schoeman

Plaas: Soetvlei

Plantdatum: 27/11/2015

Oesdatum: 16/06/2016

Bemesting: 83N; 18P;10K

Kontrole: US 9610

Kontrole gemiddeld: 2.35t/ha

Kultivar	2016		
	T/ha	R	R/TON
PAN 4P-228	3.00	1	9090.00
KKS 8326B	2.93	2	8877.90
PAN 5R-971BR	2.61	3	7908.30
PHB P2432R	2.59	4	7847.70
US 9690R	2.34	5	7090.20
DKC 65-58BR	2.31	6	6999.30
US 9640	2.20	7	6666.00
SC 506	2.17	8	6575.10
PAN 6R-680R	2.15	9	6514.50
LS 8538R	2.08	10	6302.40
LS 8526	2.06	11	6241.80
US 9610	2.05	12	6211.50
KKS 8410BR	2.04	13	6181.20
IMP 52-12R	1.93	14	5847.90
KKS 4474R	1.76	15	5332.80
PHB P2137B	1.63	16	4938.90
IMP 51-22B	1.52	17	4605.60
LS 8536B	1.42	18	4302.60
DKC 71-44B	1.40	19	4242.00
DKC 80-40BR	1.27	20	3848.10
PHB 33H54BR	1.24	21	3757.20

Droëland: Witmielies

Medewerker: Gert Schoeman

Plaas: Soetvlei

Plantdatum: 27/11/2015

Oesdatum: 16/06/2016

Bemesting: 83N; 18P; 10K

Kontrole: PHB 2864WBR

Kontrole gemiddeld: 3.04 t/ha

Kultivar	2016		
	T/ha	R	R/ton
PAN 5R-693R	3.43	1	13747.44
KKS 4581R	3.26	2	13066.08
DKC 77-85B	3.09	3	12384.72
PAN 4A-111	3.01	4	12064.08
DKC 77-77BR	3.00	5	12024.00
KKS 4803BR	2.90	6	11623.20
PHB 2864WBR	2.89	7	11583.12
PAN BG 5785BR	2.88	8	11543.04
PAN BG 5785BR	2.83	9	11342.64
PHB P2311WBR	2.75	10	11022.00
PAN 6R-880CBGT	2.74	11	10981.92
PHB P2961BR	2.67	12	10701.36
KKS 4479R	2.50	13	10020.00
LS 8539B	2.46	14	9859.68
DKC 78-45BR	2.35	15	9418.80
LS 8533R	2.28	16	9138.24
LS 8541BR	1.93	17	7735.44
IMP 53-49B	1.60	18	6412.80

Besproeiing: Geelmielies

Medewerker: JP de Wet

Plaas: Hoorn

Plantdatum: 11/12/2015

Oesdatum: 28/06/2016

Bemesting: 360N; 53P; 97K

Kontrole: DKC 64-78 BR GEN

Kontrole gemiddeld: 13.40 t/ha

Plantestand: 90 000

Kultivar	2016		
	T\Ha	R	R/ton
PAN 3D 736 BR	14.87	1	45056.10
P 1184 BR	14.28	2	43.268.40
BG 3592 R	14.23	3	43.116.90
P 1745 R	13.93	4	42207.90
DKC 64-78 BR GEN	13.81	5	41844.30
PHB 31 D 22 BR	13.79	6	41783.70
DKC 61-94 BR	13.67	7	41420.10
PAN 3 P – 502 R	13.64	8	41329.20
DKC 62-80 BR GEN	12.59	9	38147.70
KKS 8214 R	12.19	10	36935.70
KKS 82116 BR	12.00	11	36360.00
IMP 50 – 10 R	11.90	12	36057.00
IMP 50 – 10 BR	10.86	13	32905.80

